NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg Jeugkampterrein**: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

**24 Junie 2022:** Nr 21/2022

---

## Warmnuus

### ❖ Die Sinodale Diensraad (SDR) vergader



Die SDR het op *22 Junie* in die Harmoniesaal by die Sinodehuis vergader. Dit was die laaste vergadering voor die Sinodesitting wat van *16-20 Oktober* te Weesgerus plaas vind. Die ringe het om die beurt geleentheid gehad om die vergaderings te open en af te sluit. Prof. Malan Nel (83) het na baie jare aangedui dat hy nie weer beskikbaar is vir 'n volgende termyn nie. Hy het namens die Ring van Suidoos-Pretoria die afsluiting hanteer en ook kortliks sy lang verbintenis met die Noordelike Sinode geskets.

### ❖ COVID-regulasies opgehef



Die *Kerkbode* berig soos volg: "Die dra van gesigmaskers is na 2 jaar sedert Woensdagaand nie meer verpligtend nie. Daar geld ook nie meer beperkings op getalle met samekomste nie soos kerkdienste nie. Gesondheidsminister dr. Joe Paahla het gisteraand in die Staatskoerant die laaste Covid-inperkings opgehef".

## Sinodenuus

### ❖ Badseloop: Hoërskoolkamp 6-10 Julie 2022




Die Ring van Pietpotgietersrus het laat weet: "Ons gaan nie meer spesifiek 'n Survivorkamp aanbied nie… maar wel 'n Hoërskoolkamp vir ALLE Hoërskool Jongmense. Baie van die aktiwiteite gaan wel dieselfde wees as die van die Survivorkamp... maar ook met 'n twist. Daarom wil ons graag alle Hoërskool Jongmense uitnooi na die kamp".
**Aangeheg:**
**Bemarkingsvideo* [**Kliek hier**];
**Advertensie* [**Kliek hier**];
**Inskrywingsvorm in PDF Formaat* [**Kliek hier**]; Of **kliek hier** indien jy dalk direk op google wil registreer;
**Kampleiers**: Ds André Botha 079 516 7641; Ds Willem Pretorius 073 529 6075;
**Admin en Inskrywings**: Anita Hurn 015 491 3537 (hurnanita@gmail.com).

### ❖ Pensioenfonds: Welkome meevaller

*Theo Smith*, Pensioenfondsbestuurder skryf die volgende: "In omsendskrywe 1 van 2022 het ek kortliks melding gemaak van die surplusgelde wat ontstaan het toe die Christen Gemeenskap Pensioenfonds se werkgewer-surplus vrywillig gelikwideer is en daar aan alle lede 'n agterskotbetaling gemaak sou word: Lede van die Amptenare Pensioenfonds (APF) wat op 1 Oktober 2013 lid van die Fonds was, het hierdie "agterskot" betalings

reeds ontvang. ***Vroeg in 2022, sal predikante hul aandeel ontvang***." [Kliek hier om Omsendbrief 4 van 2022 te lees].

### ❖ Kerkspieël 2022

**Toegangskode vir gemeentes**: Aan die einde van Mei is briewe met besonderhede oor die Kerkspieël-opname aan al die gemeentes van die NG Kerk uitgestuur. Indien 'n gemeente nie die e-pos met julle toegangskode gekry het nie, gaan asseblief julle junk-mail na. Die briewe is op *25 Mei 2022* uitgestuur en kom van Kerkspieël. As julle dit nie kan opspoor nie, kontak asseblief vir *Ester Steyn* by kerkspieel@ngkerk.org.za | 082 325 4088. Sy help ook graag met enige navrae oor die invul van die vorm. [**Kliek hier** en lees verder]

### ❖ Lentekonferensie 2022




**Datum: 20-22 September!**
**Tema:** *Vreugde in oorvloed. Geloof in 'n tyd van skaarste*.
Hiermee die name van die **namiddagsprekers >>>**

### ❖ Tekslees met 'n verskil



**Datum:** *28 Junie* **Skriflesing:** *Galasiërs 6*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
**Zoom Meeting**: **Kliek hier**; **Meeting ID**: 849 4892 0292; **Password**: 868556

### ❖ Stabilis Treatment Centre




**Tyd vir 'n nuwe uitdaging? Na 'n gesonde leefstyl! >>>**
**Kliek op die skakel**: https://www.instagram.com/p/CfJCnNFF_Q_/
**Kontak / besoek** Stabilis vir raad en ondersteuning: 012 333 7702
**Webwerf**: http://www.stabilis.org.za/index.html

### ❖ KwaZulu-Natal

Vir ***water en ander bydraes*** kan die Gemeente Villieria gekontak word: *Jeandré Slabbert* (082 370 7518).
**Finansiële bydraes** kan in die rekening van die Natalse Sinode inbetaal word:
*NG Kerk van Natal; ABSA Tjekrekening.*
*Rekeningnommer: 1140000082. **Verwysing:** KZN vloede & naam van persoon of gemeente.*

## Kollega- en ander personeelnuus

### ❖ Innige simpatie

Ons het verneem dat **Hennie Horn** [emeritus en vroeër studenteleraar van Harmonie en Kollegerand, asook leraar van Pretoria-Tuine] op *19 Junie* oorlede is. Sy roudiens vind op Vrydag, *24 Junie* om 13:00 by NG Lynnwood plaas. **Kliek hier** vir die skakel om aanlyn deel te neem.

### ❖ Verjaarsdagwense

**Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar: 19-25**

28/06 Eddie de Waal [Daspoort]
29/06 Tienie Bosman [Suidoos-Pretoria]
29/06 Attie van Niekerk [Emeritus]
01/07 Pieter Strümpfer [Emeritus]

---

27/06 Arista Mouton [Eggenote van Kobus Mouton, Brits]
28/06 Riana Burger [Eggenote van Frans Burger, Rietfontein-Noord]
30/06 Lindy Bootha [Eggenote van Corné Bootha, Magalieskruin]
Lourens Grobler [Eggenoot van Paullet Grobler, Pierneef]
01/07 Lizette Joubert [Eggenote van André Joubert, Eldoraigne]

# Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk**

Rietfontein-Noord [27/06/1952]
Waverley [28/06/1952]

❖ **Nagmaalbekers**

Ons het navraag gekry oor waar gemeentes Nagmaalbekers kan aankoop. Indien iemand kan help met die inligting, kan julle Hermien laat weet by hermien@noordsin.co.za.

# Toerusting

❖ **Brugbediening bied 'n unieke geleentheid**

Met die vertrek van 'n leraar, bied brugbediening 'n geleentheid om in die veranderende omstandighede wat in die gemeente beleef word, nuut te kyk. Gemeentes vra indringende vrae oor identiteit, roeping, netwerke, leierskap en die toekoms. Kom bekwaam jouself, toegerus as iemand wat gemeentes hierin kan begelei tot ingeligte besluite rakende hul toekoms.
Week 1: *25-28 Julie* – Prof. Malan Nel
Week 2: *7-10 November* - Christoph Müller (koördineerder)
**Koste**: R2700.00 **Kontak**: carusta.vandermerwe@up.ac.za.
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ **Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling.**
**Navrae:** Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

- Vir die **2022 Program besoek Excelsus se webwerf:** http://www.excelsus.org.za/

**Trauma Psycho – Education workshop**
**Volledige inligting: Kliek hier**
**Datum**: *4 Julie tot 15 Augustus* [11:00-13:00]
**Sperdatum**: Vóór *30 Junie*
**Kontak**: Renée van Heerden by resilience@adept.co.za / 082 578 5485.
**VBO punte**: 12

**Gevorderde Kursus in Jeugbediening:** *Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP*
**Datums**: *18 - 21 Julie; 06 - 08 September; 14 – 17 November 2022*; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023*
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ **Communitas**

**Rassisme: Is daar genesing vir die wond?** *'n Geleentheid om saam te gesels oor die voortslepende werklikheid van rassisme in ons samelewing – en wat ons daaroor kan kan doen.*
**Datum:** *26 Julie 19:00-20:30 [Aanlyn via Zoom]*
**Program**: Inleiding deur Helgard Pretorius; Bespreking in "break-out rooms"; Refleksie deur Marlene Mahokoto.
**Inskrywings en Registrasie**: https://t.ly/CEmd
**Vir meer inligting** kontak Christine Venter: venterchristine2@gmail.com.

❖ **HospiVision**

**Spirituality and Health Conference**
**Date**: *14-15 July 2022 - Registration is open!*
**Venue**: Elim Full Gospel Church (Adjacent to the University of Pretoria)
**CPD/VBO Points**: CPSC; ACRP and NG Kerk
View the Programme
Register
**Closing date for registrations** - *8 July 2022*

# Ander nuus

❖ **CLF: Reeks pamflette oor veerkragtige lewensritme (gratis)**

In vennootskap met Whitehead Bedryfsielkundiges het Christelike Lektuurfonds ‘n reeks pamflette of kort informele leer-inhoude saamgestel rondom die tema Veerkragtige Lewensritme.
Dit is gratis aflaaibaar by https://clf.co.za/resilient-life-rhythm/.
Ons leef in ontwrigtende, selfs traumatiese tye. Ons lewensritme is versteur. Ons sien dit in die toename van simptome van geestesongesteldheid by soveel mense. Angstigheid, depressie, woede, lae selfbeeldprobleme, vereensaming, ens. Hoe oriënteer ons onsself weer na ‘n tyd van disoriëntasie? Hoe kan ons weer veerkragtig terugbons na terugslae? Hoe kan ons weer ons normale lewensritme terugvind? Die leerinhoude kan met vrug deur individue gelees word, maar dien ook as stimulerende gespreksdokumente vir groepe. Daar word ook werkswinkels aangebied – doen gerus navrae by CLF 021 8736964 of stuur ’n e-pos na info@clf.co.za.

## Vakatures

**Montana: Bedieningskoördineerder**
**Kliek hier** om die volledige advertensie te lees. CV’s kan gestuur word na: admin@ngmontana.co.za
**Sluitingsdatum** vir aansoeke: *30 Junie 2022*.

**Overkruin: Aanddiens musiekbediening** [Termyn kontrakpos]
**Sluitingsdatum:** *30 Junie 2022* - **Kliek hier** en lees verder.

**Universiteitsoord: Studenteleraar** **Sluitingsdatum:** *15 Julie 2022* - **Kliek hier** en lees verder. Slegs kandidate wat die amptelike aansoekvorm voltooi het, sal in oorweging kom. Aansoekvorms is per e-pos by kantoor@universiteitsoord.co.za beskikbaar. Kontak Fritz Snyman [082 332 5781].

**Kerkbode Vakatures:** **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

## Naskrif

